# LAERSKOOL KOLLEGEPARK

## BELANGRIKE INLIGTING VIR KWARTAAL 3 – 2026

*Nuusbrief : 23 Julie 2026*

Geagte Ouers/Voogde

Welkom terug! Ons vertrou dat u en u kinders 'n welverdiende en rustige vakansie geniet het en dat almal uitgerus en gereed is vir die uitdagings en geleenthede van die nuwe kwartaal. Ons sien uit na 'n produktiewe kwartaal, gevul met waardevolle leerervarings en opwindende aktiwiteite wat elke leerder se groei en ontwikkeling sal bevorder.

**GRAAD RR- EN R-INSKRYWINGS 2027**

Inskrywings vir Graad RR en Graad R vir 2027 is reeds oop. **Neem asseblief kennis dat Graad R-aansoeke nie aanlyn gedoen word nie en dat ouers direk by die skoolkantoor moet aansoek doen.** Ouers word aangemoedig om hulle kinders so spoedig moontlik in te skryf om teleurstelling te voorkom.

**GRAAD 1- INSKRYWINGS 2027**

Graad 1-inskrywings vir 2027 sal aanlyn by www.gdeadmissions.gov.za gedoen word. Die openingsdatum vir registrasie sal binnekort deur ons sosiale media en WhatsApp-groepe gekommunikeer word.

Ouers wat enige hulp met die aansoekproses benodig, is welkom om die skoolkantoor te kontak, waar me. A. van Wyk graag hulp sal verleen.

**PERSONEEL:**

Ons wens juffrou A. de Paiva Smit (Graad R) en juffrou E. Harmse (Graad 3) 'n besondere en vreugdevolle kraamverlof toe. Baie geluk aan die volgende personeellede en hul gesinne met die geboorte van hul babas: juffrou E. Harmse met haar babaseuntjie, asook mnr. H. Wiese en mnr. R. Jansen met hul dogtertjies. Ons wens juffrou S. Dreyer sterkte toe met die afloswerk in Graad R en heet juffrou Stienie Pretorius hartlik terug, wat gedurende hierdie tyd in Graad 3 sal aflos.

**SPORT**

Ons krieketspanne het gedurende die vakansie 'n suksesvolle toer meegemaak. Die toer het baie goed verloop en was vir die spelers 'n waardevolle en aangename ervaring. Ons is trots op elke speler en waardeer die afrigters se toewyding en ondersteuning.

**WILDSFEES**

Die Kollegepark Wildsfees vind op Saterdag 25 Julie 2026 plaas en beloof om 'n onvergeetlike aand van heerlike wildsvleis, 'n eksotiese wildstafel, lewendige musiek en gesellige saamkuier te wees. Kaartjies kos **R300 per persoon** of **R600 per paar**. Daar is nog slegs 90 plekke beskikbaar, en besprekings sluit op 24 Julie 2026. Betalings kan asseblief by me. Meyer by finansies gemaak word.

**DBV-INSAMELING**

Baie dankie aan al ons ouers en leerders wat so ruimhartig bygedra het tot ons insamelingsprojek vir troeteldierkos, komberse en speelgoed. Julle ondersteuning en omgee het ’n betekenisvolle verskil gemaak en sal help om baie diere warm, gevoed en geliefd te laat voel.

Ons gee ‘n paar belangrike datums aan u deur.

**SPORTAANGELEENTHEDE**

• 22–24 Julie: Krieket: Sedibeng-proewe o.9–o.13
• 27–28 Julie: Krieket: Sedibeng verdere proewe o.9–o.13
• 29 Julie: Krieket: Liga o.11
• 30 Julie: Krieket: Liga o.13; Hokkiedogters 1stes: C vs KP
• 31 Julie: Mini-hokkie: Totius; Hokkieseuns o.11B: Emfuleni vs KP
• 01 Augustus: Super 12: Landloop; Mini-krieket: Handhawer; Mini-hokkie: Midvaal(Dogters)
• 03 Augustus: Krieket: Liga o.11 (Republiek); Hokkiedogters o.11: KP vs Emfuleni
• 04 Augustus: Krieket: Liga o.13 (Republiek); Hokkiedogters 2des: KP vs DF
• 05 Augustus: Krieket: Liga o.11 (Volkskool)
• 06 Augustus: Mini-hokkie: Vaalrivier; Krieket: Liga o.13 (Volkskool); Hokkiedag: Vaalrivier
• 07 Augustus: Landloop: KP
• 11 Augustus: Krieket: Liga o.13 (Fonteine)
• 13 Augustus: Krieket: Liga o.11 (Fonteine); Hokkiedogters 1stes: C vs KP
• 14–15 Augustus: Super 12: Hokkie
• 14 Augustus: Landloop; Hokkieseuns o.11A en o.11B; Mini-sportdag (DF Malherbe)
• 15 Augustus: Krieket: Handhawer o.11; Mini-krieket: Midvaal
• 17 Augustus: Krieket: Liga o.11 (Vaalpark)
• 18 Augustus: Krieket: Liga o.13 (Vaalpark); Hokkiedogters 2des: F vs KP
• 19 Augustus: Krieket: Liga o.11 (Risiville)
• 20 Augustus: Krieket: Liga o.13 (Risiville)
• 21 Augustus: Mini-hokkiedag: Curro; Landloop; Hokkieseuns o.11A: DF vs KP
• 22 Augustus: Krieket: Handhawer o.13; Mini-krieket: KFC
• 25 Augustus: Krieket: Liga o.13 (Vryheidsmonument); Hokkiedogters 2des: KP vs Emfuleni
• 27 Augustus: Krieket: Liga o.11 (Vryheidsmonument); Hokkiedogters 1stes: KP vs L
• 28 Augustus: Hokkieseuns o.11A en o.11B
• 29 Augustus: Mini-krieket: Republiek; Landloop: D8
• 31 Augustus: Hokkiedogters o.11: C vs KP
• 01 September: Krieket: Liga o.13 (Midvaal); Hokkiedogters 2des: KP vs VP
• 02 September: Hokkiedogters 1stes: KP vs Emfuleni
• 03 September: Krieket: Liga o.11 (Midvaal)
• 04 September: KP Mini-hokkiedag
• 05 September: Mini-krieket: Voorwaarts
• 08 September: Krieket: Liga o.13 (DF Malherbe); Hokkiedogters o.11: DF vs KP
• 09 September: Krieket: Uitspele o.13; Mini-hokkie- en krieketprysuitdeling (Gr. R en 1)
• 10 September: Krieket: Liga o.11 (DF Malherbe)
• 10–11, 14–15 en 17–18 September: Krieket: Aandreeks T20 o.13 Sedibeng
• 10 September: Mini-hokkie- en krieketprysuitdeling (Gr. 2 en 3); Hokkiedogters o.11: E vs KP
• 11 September: Hokkieseuns o.11A: Emf vs KP
• 12 September: Landloop: Gauteng
• 14–16 September: Hokkiedogters: Uitspele
• 15 en 17 September: Krieket: Uitspele o.11
• 16 September: Krieket: Uitspele o.13

- 17 September: Hokkiedogters: Finaal
- 18–19 September: Super 12: Dogterskrieket
- 21 September: Hokkieseuns o.11B: KP vs DF
- 23–26 September: Krieket: Area Festival

**KULTUURAANGELEENTHEDE**

- 21–24 Julie: Redenaars: Oppie Tong Af
- 23 Julie: Driehoek Koorfees
- 27 Julie: Redenaars: Oppie Tong Af
- 03 Augustus: Vaaldriehoek Kunstefees begin
- 06 Augustus: Pom-poms: 90.6FM-kompetisie
- 07 Augustus: Pom-poms: Show Your Talent
- 07–15 Augustus: Dansgroep: Show Your Talent
- 12 Augustus: Super 12: Bybelvasvra
- 17–28 Augustus: Dansgroep: Del Arte
- 12 September: Super 12: Algemene Kennis
- 12 September: Rondomtalie Koorfees
- 16–20 September: Dansgroep: Vaal Triangle

**ALGEMENE AANGELEENTHEDE**

- 28 Julie: Ouermiddag
- 31 Julie: Koekverkoping: Gr. 5
- 01 Augustus: Voelgoed-Pretstap by Emerald Casino
- 07 Augustus: Gr.5 - Uitstappie
- 26 Augustus: Burger Drive-Through
- 28 Augustus: Koekverkoping: Gr. 1
- 02 - 04 September: Gr.6 – Avontuurkamp
- 11 September: Gr.7 – Entrepreneursdag
- 17 September: Fotodag
- 18 September: Pa-en-Dogter-Lentedans

**VOORLOPIGE ASSESSERINGSROOSTER**

- 03 Augustus: Taalprojekte begin (Gr. 4 – 7)
- 17 Augustus: Grondslagfase Deurlopende Assessering begin.
- 20 Augustus: SW – Geskiedenis (Gr. 4–7)
- 25 Augustus: Tegnologie (Gr. 7)
- 27 Augustus: Natuurwetenskappe (Gr. 4–7)
- 01 September: Wiskunde (Gr. 4–7)
- 03 September: EBW (Gr. 7)
- 08 September: SW – Geografie (Gr. 4–7)
- 09 September: Grondslagfase Deurlopende Assessering Eindig

Ons herinner ouers vriendelik aan hul skoolfondsverpligtinge en versoek dat uitstaande bedrae so spoedig moontlik vereffen word. Baie dankie aan elke ouer wat hul betalings getrou en betyds nakom. U ondersteuning word opreg waardeer.

Ons wens al ons leerders, ouers en personeel baie sterkte en voorspoed toe vir die derde kwartaal.

Mnr. C.F. Herbst